**DPS NUUSBRIEF** **JANUARIE 2025**


DPS Pleegsorg

*Glo, Stabiliseer, Ontwikkel*




WELKOM BY ONS EERSTE NUUSBRIEF VIR 2025

# Verwelkom



Oktober 2024 het ons ons eerste seun in Elsburg huis verwelkom nadat Ronel as pleegmoeder by die huis aangestel is.

Die oulike jong man is tans besig om sy voete te vind en is ek seker hy gaan baie harte binne die huis, asook buite steel.

Welkom T-man by ons DPS Familie en ons glo jy gaan baie gelukig by ons wees.

Ons volgende jongeling hoop ons om in Februarie te verwelkom, sodra sy Kinderhof in Klerskdorp gefinaliseer is.





# Desember vakansie

Desember vakansies kan regtig lank raak, veral wanneer n kind geen familie of vakansie vriende het om by te gaan kuier. Ons besef dat elke kind n hunkering het om te behoort en ook graag na die lang vakansie terug by die skool wil deelneem aan gesprekke rakende heerlike vakansie aktiwiteite.

Om hierdie rede probeer ons altyd gedurende die lang vakansies n lekker aktiwiteit te reel vir ons siele wat die vakansie moet inbly.

Desember was geen uitsondering nie! Op 17 Desember 2024 het ons ouers en kinders die pad Pretoria toe aangedurf vir n lekker besoek aan Rietvlei Natuurreservaat.

Danksy die wonderlike reen waarmee ons geseen is, het dit maar met tye gly-gly gegaan tot groot vermaak van die kinders en bietjie vernuf van die bestuurders se kant.

Ons het renosters gesien, selfs n baba, buffels, elande, zebras en nog vele meer. Ons het hard gesoek vir die seekoei maar kon hom nerens vind. Na die lekker ry en kuier het ons gaan piekniek hou by Marais dam waar oom Bennie vir ons wors gebraai het om die innerlike te versterk.

Die kinders het hiedie tyd benut om van hulle energie ontslae te raak en ook sommer net lekker te kuier en op te vang.



# Ons spog hoekie

## SEAN STEYN

Sean Steyn, een van ons skoolverlaters van Elsburg huis in 2020 het in Januarie 2021 met sy studies begin as Bou en Siviele student aan Bo-Karoo Opleiding te Orania.

Januarie 2022 het hy sy rigting verander na Loodgieter en het hy in November 2024 sy rooi seel graduering verwerf en gekalifiseer as loodgieter.

Baie geluk Sean, jou DPS familie is trots op jou!













# Ander nuus

## Poenskop vir Pleegsorg




Wil julle bietjie kleur aan julle fees, basaar of hare gee? Nooi ons en ons beloof om almal se dag op te kikker met n kleur hier en n haarsny daar. Sien uit om by julle te kom kuier.

Ons sal help om julle geleentheid te bemark.

Kontak Suzanne van Deventer by 0664778904 of epos by suzanne@rata.org.za.















# Belangrike datums vir 2025

Ons 2025 kalender is reeds propvol lekkerte. Ons deel graag n paar belangrike datums met julle:

- 2 Maart 2025 - Deurkollekte vir ons DPS Huise
- 20 tot 23 Maart 2025 - DPS Gesinskamp
- 31 Mei 2025 - Wereld Pleegsorg Dag
- 11 Julie 2025 - Opleidingsgeleentheid vir pleegouers en kinders
- 13 September 2025 - Opleidingsgeleentheid
- 6 tot 10 Oktober 2025 - Kinderkamp
- November - Liewe Kersfees Vader

Die Toesigkomitee vergader kwartaaliks. Indien u nog nie betrokke is nie, kontak vir Pieter Schreiber en raak betrokke. Jy sal nie spyt wees nie! Pieter kan gekontak word by 082 332 4252.

Datums vir vergaderings (kan ook aanlyn inskakel):

- 20 Januarie 2025
- 14 April 2025
- 21 Julie 2025
- 13 Oktober 2025







## BEHOEFTES

Ons behoeftes tans:

- Nie-bederfbare voedsel
- Vleis
- Brood en smere
- Vars groente en vrugte
- Tuinmaak gereedskap
- Bord speletjies
- Donasies vir bedryfsuitgawes (brandstof, elektrisiteit, diens van motor, ens)
- Skool benodighede
- Toiletbenodighede en skoonmaak middels
- Visvang gereedskap en fietse wat nog in werkbare toestand is maar nie self gebruik word nie.



# Ons se dankie




Baie dankie aan elke gemeente en individu wat na ons uitreik, julle betrokkenheid en gebede maak werklik n verskil.

Ons is die afgelope Desember geseen met kersgekskenke en heerlike uitstappies.

Dankie aan gemeentes wat betrokke is, nie net om ons kinders se magies vol te hou nie maar ook investeer in ons kinders se emosionele welstand.

Laastens aan elke donateur - soos ons Bestuurder, mnr Viljoen, in n skrywe noem - dit neem meer as water en koekies om ons kinders heel en gesond die grootmens wereld in te stuur - dankie dat julle bydraes ook vir terapie en ander noodsaaklikhede aangewend kan word.





**BANK BESONDERHEDE:**
**DPS-HUIS ELSBURG**
**ABSA**
**REK NR: 25 0159277**
**TAK KODE: 632 005**

## Hoe om ons te kontak

